# Hoofstuk van die dag: Hebreërs 7

*So het Jesus ook van 'n beter verbond borg geword. (vers 22)*

Ons lees net op twee plekke in die Ou Testament van Melgisedek. In Gen 14, waar Abraham sy nefie Lot uit die kloue van koning Kedorlaomer red, verskyn koning Melgisedek van

Salem (=Jerusalem) uit die bloute en bring vir Abraham en sy manskappe brood en wyn en seën vir Abraham, waarna Abraham 'n tiende van die buit vir Melgisedek gee. Verder lees ons ook van Melgisedek in Ps 110:4, die "teks" wat die Hebreërskrywer gebruik vir sy preek.

Met tipiese (vir ons vreemde) rabbiniese uitleg toon die skrywer aan dat Melgisedek se priesterskap bokant dié van Aäron is (vers 1-10), en dat Jesus se hoëpriesterskap insgelyks hoër is as Aäron s'n is (vers 11-28). Melgisedek word dan 'n soort vooraf-skadu van Jesus. Selfs die brood en wyn is betekenisvol en herinner aan die nagmaal.

Hebreërs se punt is dat Jesus se hoëpriesterskap nie na Aäron teruggevoer kan word nie. Sy priesterskap kom nie uit 'n feilbare, menslike linie nie, en is heilig, skuldeloos en smetteloos omdat Hy sonder sonde is (vers 26-27). Daarom kon Hy, deur Homself te offer, eens en vir altyd ons sonde versoen. Ander offers is nie meer nodig nie.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026